SUIDAFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 18 APRIL 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Ontvangsrapporte oor die eksperimentele herleiding op 10,130 MHz sal waardeer word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat die Raad van die SARL die afsterwe van Alan Ritchie, ZS5XK, op 26 Maart 2004 moet aankondig. Alan het sy lisensie in die 1950's ontvang. Sy groot liefde was amateurradio maar hy was vir baie jare ook betrokke by die Padvinderbeweging. Hy het 'n groot rol gespeel in die bekendstelling van amateurradio aan die Padvinders, nou bekend as JOTA. Alan se belangstelling was die bou van radiotoerusting. He sal gemis word. Alan laat sy vrou Shelia en kinders na. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende. [ZS5ZT]

In die nuus vandag:

MIKROFONE IN VOERTUIE

ZS4SRK BY DIE BUITELUGSKOU

JAKKALSJAG AAN DIE OOSRAND

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE VANAF THAILAND

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

MIKROFONE IN VOERTUIE

Wysiging aan subregulasie 308A paragraaf (3) (b) wat op 22 September 2000 in werking getree het is van toepassing. Die ou subregulasie is vervang deur r.2.G.N.R.941. Hierdie wysiging laat toe dat 'n persoon enige landradiostelsel mag gebruik terwyl hy/sy dit vashou.

Die wysiging het die datum van kwytskelding verwyder wat daar op landradios was. 'n Person mag dus 'n landradio soos uiteengesit in regulasie (3) (b) gebruik terwyl dit in die hand is.

Die kwytskelding van wetstoepassers en noodpersoneel ten opsigte van sellulêre telefone is verwyder. Hulle moet 'n hand-vry stelsel gebruik.

Die oorspronklike subregulasie lees: "die frase sellulêre of mobiele telefoon of enige ander kommunikasietoerusting uitsluitend landmobiel radiouitsendings en -ontvangstoerusting wat in die frekwensieband 2 Megahertz tot 500 Megahertz werk wat aan die voertuig of gedeelte daarvan geheg is".

SARL RAADSVERGADERING

Die tweede vergadering van die nuutverkose SARL-Raad vind op Woensdagaand 21 April deur middel van 'n telefoonkonferensie plaas. Raadslede word versoek om hulle telefoonnommers vir die konferensie met Henry ZS1AAZ te bevestig.

ZS4SRK OP DIE LUG VANAF OPELUGSKOU

Die Sasolburg Radioklub gaan die naweek van die 28, 29 en 30 April 'n opvoedkundige stasie oprig by die opelugskou van Hoërskool Transvalia in Vanderbijlpark. Daar word beplan om op 40 m SSB; 20 m GG en 2 m simpleks en dupleks, sowel as pakketradio uit te saai. Amateurs word versoek om kontak te maak met die stasie sodat die jongmense die gevoel van die stokperdjie kan kry. Uitsaaitye sal daagliks hoofsaaklik van 14:00 tot 22:00 wees.

OOS-RAND RADIOKLUB BIED 'N JAKKALSJAG AAN

Die Oos-Rand Radioklub bied op 15 Mei 2004 'n jakkalsjag tussen 08:00 en 11:00 vanaf die klubhuis te Olympia Park swembad in Springs net agter die Pam Brink Stadion, aan.

Inskrywingsfooie is R20-00 per individu en R30-00 per span. 'n Kontantprys vir die eerste plek en troospryse vir tweede en derde plekke word na die jag by die eindpunt van die jag toegeken. Almal wat die jag bywoon moet mobiel wees aangesien die jagparty nie na die klub terugkeer nie.

Die jag begin om 08:00 en deelnemers moet om 07:30 by die klubhuis wees om die nodige dokumentasie te verkry. Deelnemers benodig, 'n direksionele antenna, 2 meter stel met 145,500 MHz simplex, 'n moter met genoeg brandstof vir so ongeveer 25 km se ry met al die verkeerde draaie en ander benodigdhede vir ontspanning na die tyd - bring en braai. 'n Bakkievrag entoesiasme is ook nodig. Bring die vrou en kinders saam, die dag beloof om heerlik te wees. Die prysuitdelingseremonie begin om 12:00 gevolg deur 'n braai en sosiale byeenkoms. Besprekings kan gedurende kantoorure by Johanna Harris by 011-814-2121 gedoen word.

Kom vang 'n jakkals - Oos-Randklub daag jou uit!

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE VANAF THAILAND

Lede van die Radioamateurvereniging van Thailand (RAST) is op die lug met die roepsein HS72B tot die einde van 2004. Hierdie spesiale geleentheid roepsein is uitgereik om die 72ste verjaardag van Haar Majesteit Die Koningin te herdenk. Aktiwiteit is op al die bande, insluitende die WARC-bande. Die roepsein sal tydens SEANET-aktiwiteite op die lug wees. QSL volgens die bediender se instruksies.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat voortplantingstoestande oor die afgelope week van swak was maar desnieteenstaande was daar baie goeie openinge laatmiddag-veral na die Ooste. Die sonvlekgetal het, soos verwag, verder gedaal, maar weer oor die afgelope paar dae effens gestyg. Dit was Vrydag slegs 44,3 teenoor 40,1 verlede week. Natuurlik kan 'n mens nie veel van so 'n lae sonvlekgetal verwag nie, maar moet nooit toestande onderskat nie- openinge kom onvoorspelbaar voor, selfs met baie lae sonvlekgetalle. Selfs op 6 m was daar verlede week uitstekende toestande en op Vrydagmiddag baie goeie toestande na die Ooste. Gebruik die 20 m band in die omgewing van 17:00 na die Ooste, later na Europa. Ons is nou in sonsiklus 23 wat na verwagting in 2007, met die begin van siklus 24, sy laagtepunt sal bereik.

DATUMS OM TE ONTHOU

25 April SARL President se Net; 28 - 30 April ZS4SRK by die Buitelugskou; 15 Mei Oos-Rand Radioklub se Jakkalsjag.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Dennis ZS4BS, en gelees deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal. /EX